### *Droom en werklikheid*

**143** **Ek** sê aan Rafael: "Wek eerste My Simon Juda (Petrus)!"

[2] Rafael wek **Petrus** en hy kyk vol verbasing om hom heen en sê na `n oomblik: "Het ek dan werklik geslaap? Dit voel vir my asof ek die hele nag helder wakker was! Maar nou sien ek tog dat ek vas geslaap het. Terwyl ek geslaap het, het ek egter sulke wonderlike drome gehad dat ek my nie kan herinner dat ek dit ooit gehad het nie! Regtig, Meester, hierdie drome kon geen bedrog gewees het nie!"

[3] **Ek** sê: "Kyk eens rond - miskien ontdek jy aan die berg die een of ander verandering waarvan jy vermoedelik ook gedroom het!"

[4] **Petrus** kyk dadelik in alle rigtings en sê: "O Meester, helaas, werklik, daarvan het ek gedroom, en - kyk nou - alles uit die heldere droom het gebeur!"

[5] Petrus wou nog meer sê, maar **Ek** sê aan hom: "Wek eers die ander leerlinge, voor jy verder vertel!" - En Petrus doen dit.

[6] Die leerlinge rig hulle van die grond af op en verwonder hulle eweneens oor dit wat hulle nou eers merk wat gebeur het terwyl hulle geslaap het; terwyl dit vir hulle gevoel het asof hulle die hele nag deur volkome wakker was en ongehoorde wonders gesien het.

[7] Maar **Judas** sê: "Ek glo nog steeds nie dat ek geslaap het nie! Ek het tog met jou, Simon Juda, allerlei dinge bespreek, en jy gaan steeds teen my en sê ook aan my: 'Al hierdie wonders sal jou nie teëhou om ons almal vir `n paar silwerstukke te verraai nie!', waaroor ek baie kwaad geword het en jou oor `n rotswand na benede in die see wou werp, maar toe pak onse Thomas my, en trek my op die grond terug! - Sê eers, broer Simon, weet jy regtig niks daarvan nie?!"

[8] **Petrus** sê: "Geen woord nie! Ek weet glad nie of ek iets oor jou gedroom het nie!"

[9] **Ek** sê: "Kyk julle eens rond of daar in werklikheid geen dinge gebeur het wat julle in julle droom gesien het nie!"

[10] Die leerlinge gaan nou na alle kante van die berg toe en die verbasing styg op, en **Andréas** sê: "Tot nou toe het ons in die kort tyd van `n halfjaar soveel wonderbaarliks gesien en gehoor, dat `n mens nouliks sou glo dat daar nog maar iets moontlik sou wees wat as `n nog groter wonder aangeteken sou kon word, en tog staan ons verstand opnuut stil! Ons drome word werklikheid!

[11] Ek sien die engel wat deur Jarah uitgekies is, wat eerste al die water van die see in die hoogte opgehef het en in die vrye lug `n reusagtige groot druppel daarvan maak, en ek sien met my eie oë die kurkdroë bodem van die see en die mooie pêrel-mossel wat Jarah as aandenking van die bodem opgeraap en in haar romp bewaar het. Vervolgens sien ek hoe die engel op `n wens van die lieftallige dogter van Elohim, hierdie berg aan alle kante in `n oogwenk goed beklimbaar maak! - En kyk, dit is nou ook werklikheid!

[12] Met watter woorde en goeie dade sal ons ons Majesteit en Meester nou gaan prys? Waar is die engel nou, wat die gloeiende gedagtes in ons harte lê, wat ons waardig ag om voor Hom uit te praat? O, hoe word ons nie nou tot minder as niks voor Hom, die Almagtige ewige Elohim nie!

[13] Ons vaders het gebeef aan die voet van Sinaï, toe Hy met donder en bliksem op die brandende berg aan Moses die apartgestelde wette van die liefde gegee het! En toe Moses van die berg afdaal, het die goddelike majesteit van sy gelaat sterker gestraal as die middagson, en hy moes sy gesig met `n driedubbele doek bedek, sodat die volk hom kon nader. Nog lank daarna profeteer die gewyde sieners van JaHWeH wanneer, na voorafgaande voorbereiding, hul hoof `n kort tyd met die doek van Moses bedek word, en tot op hede verbaas ons ons nog oor hulle groot wysheid! En hier is Hy Self, wat op Sinaï gedonder het! Sinaï gaan gloei onder die stap van Sy voete - kan ons dan in Sy Almagtige teenwoordigheid koud bly soos `n barre winternag?! Staan daarom op en gaan gou na Hom toe, want Hy alleen is meer as gewyd! Slegs Hóm kom alle eer toe, alle roem, alle liefde en alle aanbidding!"

[14] Deur hierdie toespraak van Andréas word alle leerlinge, behalwe Judas, wat Andréas `n oordrewe dweper noem, van vurige liefde vervul, kom na My toe en roep My `n geesdriftige "Hosanna" toe as oggendgroet.

### *Die volmaakte mens*

**144** Deur die luide lofgesang ontwaak ook al die ander en meng hulle dadelik in die koor van die leerlinge, en Ek laat hulle almal uiting gee aan hul gevoelens, en Jarah omklem My voete en huil van oorgrote vreugde en saligheid! Toe sy ongeveer `n halfuur van vreugde aan My voete gehuil het en die leerlinge hul môregroet beëindig het, rig **die kleintjie** haar op en sê met `n veelbetekenende stem: "O aarde, wanneer, wanneer sal jy weer so geseënd wees om deur hierdie Voete betree te word? Swygende moeder van die sonde, voel jy nie

wie die Een is wat nou op jou staan nie? Nee, nee, jy voel dit nie, jy kan dit nie voel nie, want jy is te dood en te klein! Hoe sou jy kon verstaan wat vir die oneindige ruimte en vir al die tallose ontelbare wesens daarin, te ondenkbaar groot en te heilig is!? Waar sal ek begin en waar eindig om maar Sy heerlikheid te besing soos wat dit sigbaar word in één doudruppel? Want Hy, Elohim die Ewige, is tog dit wat sowel die doudruppel as die eindelose groot ligwêrelde skep! O Meester, o my Elohim, vernietig my tog, want my hart verdra nie die te vurige liefde vir U nie!

[2] Toe ek U Glansrykheid nog nie geken het nie, het ek van U as `n volmaakte Mens gehou. Ek het wel vermoed dat die suiwer goddelike Gees in U is, en my hart hou onuitspreeklik baie van hierdie gewyde Gees, maar tog het ek aan U gedink as `n Seun van die Allerhoogste! Maar nou het alles `n ander vorm aangeneem! U is die Allerhoogste Self! Buiten U is daar geen ander nie! Vergeef my daarom, die kleinste stofwurmpie, wat in haar aangebore blindheid dit gewaag het om U as `n Mens lief te hê!"

[3] **Ek** sê: "My kindjie, daar is niks te vergewe nie, bly maar op hierdie wyse van My hou! Want Ek sê nou vir julle almal: Wie My nie liefhet soos jy nie, My liefste Jarah, My liefgehad het en nog liefhet nie, sy liefde is vir My geen liefde nie!

[4] **Wie Elohim nie as `n volmaakte Mens liefhet nie, kan nog minder sy naaste liefhê**, wat nog `n baie onvolmaakte mens is! As daar egter geskryf staan dat Elohim die mens geskape het na Sy ewebeeld, wat moet Elohim dan anders wees - as die mens Sy ewebeeld is - dan ook `n Mens, maar dan natuurlik heeltemal volmaak!? Of sien Ek daar nou anders uit as `n mens omdat jy, My kindjie, `n paar baie kleine druppeltjies van My Glansrykheid gesien het?"

[5] **Jarah** sê: "O nee, U lyk nog steeds dieselfde, en in my hart het dit ook nie anders geword nie! Ja, ek sou U van pure liefde nou nog liewer heeltemal in my hart wil hê! Ek sou U so stewig wil omarm dat my arms sou skeur en U dan nooit meer loslaat nie, ja, ek sou U Gesig met ontelbare kusse wil oordek en nooit meer wil ophou om U te kus nie! Kortom, ek het heeltemal geen woorde om te sê wat ek uit pure liefde alles vir U sou wou doen nie! Maar U is nou die mees heilige, allerhoogste goddelike Wese, en ek dink daarom in my hart dat ek veels te onwaardig is om U so lief te hê asof U `n mens sou wees. Maar ek het nou wel `n idee daarvan, wat ek kan en mag, maar tog hou my hart geen rekening daarmee nie en hou nog vuriger van U as vroeër!"

[6] **Ek** sê: " Dit is goed so! Laat jou siel maar altyd die opregte wens van jou hart volg en ontsteek daarin `n heldere vlam, dan sal die hele siel weldra lig word, en die Gees van Elohim sal in haar opgaan soos `n son, en in sy lig en in sy lewenswarmte sal die saad van Elohim dan ontkiem en die siel vir die ewige lewe voorsien van die vrugte van die lewe!

[7] **Maar die Gees van Elohim in die mens kan slegs gewek word deur die liefde tot Elohim, en uit die liefde tot die liefde vir die naaste.**

[8] Bly jy dus maar steeds so van My hou, want die liefde is meer werd as al die prag wat jy met jou oë gesien het!

[9] Maar nou sal ons ook na die ander luister en ons laat vertel watter indruk hierdie nag op hulle gemaak het."